SVR 2/2

Kopie nr .41. van 42 kopieë

NOTULE NR WK 1/80

VERGADERING VAN DIE WERKKOMITEE VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD IN DIE UNIEGEBOU, PRETORIA, OP 14 JANUARIE 1980 om 14h00

TEENWOORDIG

WERKKOMITEE

| | |
|---|---|
| Sekretaris van die Staatsveiligheidsraad | Lt-genl A J van Deventer (voorsitter) |
| Departement van Buitelandse Sake | Dr B G Fourie<br>Mnr P R Killen (sekundus)<br>Mnr A B F Burger (addisionee |
| Departement van die Eerste Minister | Mnr M D Bester (sekundus) |
| Departement van Finansies | Dr J H de Loor |
| Departement van Gesondheid | Mnr J W Weilbach (sekundus) |
| Departement van Justisie | Mnr W P Theron (sekundus) |
| Departement van Nasionale Veiligheid | Mnr A van Wyk<br>Dr L D Barnard (sekundus) |
| Departement van Samewerking en Ontwikkeling | Mnr P Linde (sekundus) |
| Suid-Afrikaanse Polisie | Lt-genl F L C Engels (sekundus) |
| Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens | Mnr G J la Grange (sekundus) |
| Suid-Afrikaanse Weermag | Genl-maj D J Earp (waarnemer |
| Ekonomiese Raadgewer van die Eerste Minister | Dr S S Brand |

SEKRETARIS

| | |
|---|---|
| Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad | Mnr F J Cronjé |

OOK TEENWOORDIG

| | |
|---|---|
| Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad | Kdoor P A Wijnberg |

OPTREDE DEUR

1. VERWELKOMING

Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges met spesiale vermelding van dr Barnard van Nasionale Veiligheid, mnr Theron van Justisie en mnr Linde van Samewerking en Ontwikkeling wat vir die eer= ste keer as sekundi 'n Werkkomiteevergadering by= woon, genl Earp wat as waarnemer vir die Weermag bywoon en mnr Burger van Buitelandse Sake wat saam met dr Fourie gekom het. Ook bedank hy Werkkomiteelede dat hulle bereid was om die ver= gadering van Woensdag na Maandag te verskuif.

2. AGENDA-ITEM 2: NOTULE NR WK 22/79

Die notule van die vergadering van 5 Desember 1979 word goedgekeur en onderteken.

3. AGENDA-ITEM 3: SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

(a) ITEM 4: SUIDWES-AFRIKA: KONSEPRIGLYNE VIR DIE FORMULERING VAN 'N INS EN VOORTVLOEI= ENDE KTS

Die Voorsitter meld dat die konsepriglyne gereed was om tydens die huidige vergade= ring weer aan die Werkkomitee voorgelê te word maar dat hy besluit het om dit agter= weë te hou met die oog op Sy Edele die Eerste Minister se eersdaagse besoek aan Suidwes-Afrika en samesprekings met die Administrateur-generaal. Hy verwag dat dinge moontlik uit die besoek kan voort= vloei wat die riglyne sal affekteer. VOORSITTER

(b) ITEM 6: AMNESTIE VIR SWAPO-TERRORISTE

Dr Fourie deel mee dat die Administrateur-generaal se proklamasie in verband met die amnestie vir SWAPO-terroriste finaal ge= klaar is. Hy weet nie of dit al gepubli= seer is nie, maar sal 'n afskrif aan die Voorsitter besorg. DR FOURIE

(c) ITEM 7: AMERIKAANSE UITVOERPERMIT

Dr Fourie lig die vergadering in dat sy Departement die Amerikaanse Ambassade soos op 5 Desember besluit, verwittig het, maar dat hulle nie daarmee tevrede is nie. Hulle wil 'n meer spesifieke versekering hê dat die toerusting nie vir militêre of kern-doeleindes aangewend sal word nie. Om so 'n versekering te gee, sal beteken dat 'n onwaarheid aan hul meegedeel word en as dit aan die lig kom, sal dit die Regering in 'n baie moeilike posisie laat beland.

OPTREDE DEUR

Dr Fourie versoek derhalwe dat die Weermag daarop ingaan om vas te stel hoe groot die kanse is dat die werklike gebruik van die toerusting aan die Amerikaners bekend kan word. Indien die kanse gering is, kan die risiko geneem word.

Die Voorsitter versoek genl Earp om die Weermag op die saak te laat ingaan en dr Fourie te laat weet wat die kanse is. Indien die kanse te groot is, sal die saak na die Staatsveiligheidsraad moet gaan vir 'n beslissing. GENL EARP DR FOURIE

(d) ITEM 9 (e): SAMESPREKINGS MET MOSAMBIEK

Dr Fourie meld dat hy met 'n afvaardiging op 15 Januarie na Maputo gaan vir die samesprekings met Mosambiek. Daar is geen agenda nie en hy weet dus nie waaroor dit alles sal gaan nie, maar hy vermoed dat hulle oor grensreëlings en stappe om insidente te voorkom, sal wil praat.

(e) ITEM 9 (g): LESOTHO : VLUGTELINGE

Dr Fourie is van mening dat dit 'n goeie besluit van mnr Raath was dat die VN se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge versoek moes word om met die vlugtelinge uit Lesotho behulpsaam te wees. Daar was tot nog toe geen reaksie nie, maar 'n volle maand daarna het eerste minister Jonathan ook versoek dat die VN 'n verteenwoordiger stuur om te gaan kyk na sy mense in die vlugtelingkampe.

4. AGENDA-ITEM 4: NASIONALE RADIOPROPAGANDA- EN BELEMMERINGSVERMOË

Die Voorsitter meld dat die klein groep verteenwoordigers van betrokke Departement wat saamgestel is om op probleme voortspruitend uit die implementering van die aanbevelings van die Mouton-verslag in te gaan, vanweë die feesgety nog nie antwoorde geformuleer het nie. Hy versoek derhalwe dat die saak oorstaan tot die volgende vergadering. SEKRETARIS

5. AGENDA-ITEM 5: BORGSKAPPE VIR SPORT EN SACOS SE ROL

Die Voorsitter deel mee dat die interdepartementele Komitee wat op hierdie saak moet ingaan (die Kulturele Aksiekomitee) dit nie moontlik vind om voor 21 Januarie te vergader nie vanweë die somervakansie en

die feit dat 'n paar van sy lede wat provinsiale departemente van onderwys verteenwoordig en belangrike insette te lewer het, nie vroeër byeengebring kan word nie.

Aangesien daar nie 'n Werkkomiteevergadering gehou staan te word voor die Staatsveiligheidsraadvergadering van 28 Januarie nie, versoek die Voorsitter toestemming om die verslag van die Kulturele Aksiekomitee direk ná die Staatsveiligheidsraad te neem.

Die Werkkomitee gaan akkoord. VOORSITTER

6. AGENDA-ITEM 6: TERMINOLOGIE: TOTALE STRATEGIE

Die Werkkomitee keur goed dat die term "totale strategie" gebruik word wanneer die RSA se strategieë wat veiligheidsdoelstellings naastreef, hoofsaaklik as teenvoeter teen "totale oorlog", bedoel word.

Dit word ook besluit om die gebruik te aanvaar dat met die term "totale nasionale strategie" verwys word na die veiligheidstrategieë plus die welvaartstrategieë, dit wil sê na die RSA se strategie ter bereiking van al sy doelstellings. SEKRETARIAAT

7. AGENDA-ITEM 7: ZIMBABWE-RHODESIË

Die Voorsitter deel mee dat hy op 28 Desember 1979 in Kaapstad samesprekings wat die Eerste Minister met biskop Muzorewa en ander Rhodesiërs gehad het, bygewoon het. Die Eerste Minister was begerig om direk ingelig te word oor die situasie in Rhodesië. Die Voorsitter sê dat hy getref was deur die optimisme van die afvaardiging. Daar was by hulle geen twyfel dat hulle op die regte pad is en dat biskop Muzorewa die verkiesing sal wen en eerste minister sal word nie. Die Voorsitter is egter van mening dat huidige berigte uit Rhodesië nie so gunstig is nie. Tewens, die voorsitter van die ZRGBS het hom laat weet dat hy bekommerd is en dat hy hom kom sien.

Dr Fourie bevestig dat die Rhodesiërs optimisties was dat die biskop die verkiesing sal wen mits hulle hard werk, die middele het, en nie ondergrawe word nie. Die UANC is ook van mening dat, indien die sewe of agt Karanga-leiers wat Robert Mugabe in Mosambiek mishandel en opgesluit het, loskom, hulle die verkiesing ten gunste van biskop Muzorewa sal beïnvloed. Voorts sê dr Fourie dat 'n mens jou nie moet laat mislei deur die feit dat 150,000 mense Joshua Nkomo die afgelope naweek ontmoet het nie. Baie van hulle was nuuskieriges. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Nkomo se ondersteuners hoofsaaklik die Matabeles is wat minder as 20% van Rhodesië se

Swart bevolking uitmaak.

Dr Fourie meld dat die teenwoordigheid van ons magte in Rhodesië tans opslae maak. Die Britte hou by die verstandhouding wat hulle met ons daar= oor het, maar daar is in ander kringe kwaai agita= sie daarteen. In New York word dit in dieselfde lig gesien as die Russe se teenwoordigheid in Af= ganistan. Toe die Eerste Minister biskop Muzorewa pertinent gevra het of dit in sy belang is dat ons mense daar bly, het hy "ja" gesê. Die vraag ont= staan egter nou of ons nie daar moet uit nie. As ons skielik padgee, sit hul soos ʼn voël op ʼn tak. En die vraag is of ons dan nog ons treine oor die brug sal riskeer. Ons sal weer moet dink hoe om die teenwoordigheid van ons magte in Rhodesië te hanteer.

Mnr Van Wyk is ook van mening dat dit nie heelte= mal seker is dat biskop Muzorewa die verkiesing sal wen nie.

Mnr Fourie sê dat ons nie vir Joshua Nkomo heelte= mal moet weggooi vir ons doeleindes nie. As hy sewentien setels verower, sal ons met hom ook kan werk. Ons moet egter nie nou al begin toenadering soek nie.

Die Voorsitter meld dat biskop Muzorewa aangedui het dat hy met Joshua Nkomo ʼn regering tot stand sal kan bring, maar met Robert Mugabe glad nie.

Dr Fourie is egter van mening dat biskop Muzorewa selfs met Mugabe sal kan saamwerk. Wat egter nie moet gebeur nie is dat die Patriotiese Front ʼn al= gehele meerderheid verkry.

Die Voorsitter sê dat ons die situasie in Rhodesië van dag tot dag baie fyn moet dophou. Waarskuwings= ligte sal vir ons gegee word. Indien die situasie verkeerd loop en suur word, wat dan?

Dr Fourie is van mening dat daar weer gekyk moet word na die strategieë vir Rhodesië en Mosambiek. Die goedgekeurde strategieë kan nie meer net so toege= pas word nie. Dinge gebeur so vinnig dat as die strategieë aangepas word, voordat hulle toegepas kan word moet hulle alweer aangepas word. Die nuwe regering in Rhodesië gooi byvoorbeeld die grense oop. Die moontlikheid bestaan dat Rhodesië ons sal afgooi.

Die Voorsitter versoek dr Fourie om hom te laat weet as hy sien dat strategieë aangepas moet word, want dan kan dit gedoen word.

Dr Fourie onderneem om by die volgende vergadering kommentaar hieroor te verskaf. DR FOURIE SEKRETARIS

Dr Brand is van mening dat daar baie beslis weer van voor af na die situasie gekyk moet word.

Na aanleiding van die oopstel van die grense, verwys mnr La Grange na 'n telegram van die ZRGBS wat voorstel dat die hulp van die RSA met die herstel van die trajek na Mosambiek vertraag moet word tot ná die verkiesing.

Die Voorsitter meen dat dit goeie strategie sal wees.

Dr Fourie waarsku egter dat die Britte moontlik die benodigde hulp sal kan verleen, of die Kanadese, en dan het ons onsself uitgeboer en 'n hefboom verloor. Hy beveel aan dat ons die werk aanvaar, maar dit nie te vinnig doen nie.

Die Werkkomitee is dit eens dat ons die herstelwerk onderneem maar dat ons 'n bietjie moet speel vir tyd tot na afloop van die verkiesing op 27, 28 en 29 Februarie. MNR LA GRANGE

8. AGENDA-ITEM 8: LESOTHO

Die Voorsitter deel ter kennisname mee dat die Minister van Buitelandse Sake met sy eweknie van Lesotho gaan praat en gedagtes van ons Regering aan hom oorgedra het. Hy is ook meegedeel dat ons 'n beter houding teenoor Lesotho kan inneem as dit ook van hulle kant kom. Die Eerste Minister het gevra dat 'n kort verslag by die volgende Staatsveiligheidsraad-vergadering gelewer word en dit kom daarop neer dat die huidige strategie ten opsigte van Lesotho streng toegepas moet word. Die Voorsitter verwys na een van die take in die strategie vervat dat die BCP as alternatief ondersoek en aanbevelings aan die Staatsveiligheidsraad gemaak moet word, en deel mee dat bevind is dat die BCP nie as alternatief oorweeg moet word nie maar dat dit slegs as middel gebruik kan word om eerste minister Jonathan tot ander insigte te probeer bring.

Mnr La Grange deel mee dat Spoorweë tans samesprekings met Lesotho oor verskillende besigheidsonderwerpe aan die gang het en dat hulle daarmee voortgaan in afwagting van die finale strategie wat uit die riglyne opgestel moet word.

9. AGENDA-ITEM 9: VREEMDE ARBEIDERS IN DIE RSA

Die memorandum wat as bylaag 1 met die agenda uitgestuur is, word aan die orde gestel en die

OPTREDE DEUR

aanbeveling dat, wat vreemde arbeiders in die RSA betref, die status quo gehandhaaf word, word deur die Werkkomitee aanvaar.

Die Voorsitter onderneem om dit aan die Staats= veiligheidsraad te rapporteer. VOORSITTER

10. AGENDA-ITEM 10: INTERDEPARTEMENTELE SENSORSKAP= KOMITEE

Die Voorsitter verwys na die omsendbrief van 7 Desember 1979 wat die Sekretariaat aan Werk= komiteelede gestuur het en versoek dat die saak oorgehou word aangesien die Sekerheidskomitee nog besig is om aandag daaraan te skenk en dit nie dringend is nie.

Die Werkkomitee gaan akkoord. SEKRETARIAAT

11. AGENDA-ITEM 11: HANDLEIDING TOT DIE NASIONALE VEILIGHEIDSBESTUURSTELSEL

Die Voorsitter deel mee dat die Sekretariaat be= sig is om die Handleiding te hersien en uit te brei. 'n Konsep/voorlopige handleiding sal binne= kort aan lede van die Staatsveiligheidsraad, die Werkkomitee, interdepartementele Komitees en GBSe sowel as aan Departementshoofde gestuur word. Hy stel voor dat vir die volgende twee maande daarvolgens gewerk word en dat teen die einde van Maart gevra word vir kommentaar oor hoe dit in die praktyk werk.

Die Werkkomitee neem kennis. SEKRETARIAAT

12. AGENDA-ITEM 12: BEPLANNING VAN MILITêRE BEHEER

Die Voorsitter meld dat die kwessie van die beplanning van militêre beheer na al die inter= departementele Komitees verwys is, dat die saak deur die Sekretariaat gekoördineer is en dat die Komitees se kommentare aan die Weermag deur= gestuur is wat die saak nou verder sal hanteer. Hy stel derhalwe voor dat die aangeleentheid van die lys van uitstaande sake verwyder word en die Werkkomitee gaan akkoord.

Mnr Weilbach gee aan die hand dat daar liewer ge= praat word van militêre bestuur as van militêre beheer.

Die Voorsitter neem die punt en sê dat dit waar= skynlik militêre/burgerlike bestuur moet wees (military/civil government). Hy sal dit by die Weermag opper en versoek genl Earp om daarop in te gaan. VOORSITTER GENL EARP

Die Werkkomitee verlang dat die finale produk vir goedkeuring na hom sal terugkom en die Voorsitter bevestig dat dit so sal wees. | VOORSITTER GENL EARP

13. AGENDA-ITEM 13: ALGEMEEN

(a) TEENWOORDIGHEID VAN VEILIGHEIDSMAGIE IN RHODESIë

Genl Engels verneem wat die standpunt van die goewerneur is ten opsigte van die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse polisie (vir opleidingsdoeleindes) in Rhodesië.

Dr Fourie deel mee dat die Britse rege= ring die eenhede, soos hulle vandag be= staan, aanvaar. (We are nog going to purge the Patriotic Front forces, nor the Rhodesian security forces). Die monitor-magte is ook bewus van ons teenwoordigheid en sien dit nie raak nie. Die opskudding oor Suid-Afrikaanse troepe aan die Rhodesiese kant van Beitbrug is egter 'n aanduiding dat die beste reëlings verkeerd kan loop.

(b) ONRUS IN PORT ELIZABETH

In antwoord op 'n navraag van die Voorsitter wat die posisie in Port Elizabeth tans is, deel genl Engels mee dat niks gebeur nie. Die beplande groot optog en stakingsverga= dering is afgelas, wat daarop dui dat die regte persone gearresteer is. Polisie se manne is nog daar aangesien iets kan ge= beur, maar op die oomblik is daar geen aanduiding nie. Adjunk-minister Morrison se beoogde toer is ook afgelas.

(c) MIELIES VIR ZAMBIë

Genl Earp verneem wat die situasie is ten opsigte van mielies vir Zambië.

Dr Fourie verwys na die vervoermoeilikhede om die mielies daar te kry.

Mnr La Grange is van mening dat Malawi net so 'n groot aanspraak op hulp het. In beginsel is daar geen probleem nie.

Mnr Fourie meld dat, indien ons uit Rhodesië moet padgee, die kwessie van ons spoorweg= trokke wat miljoene werd is, terdeë in ag geneem sal moet word. Ook sê hy dat die verskaffing van mielies aan Zambië ons

internasionaal baie help.

Mnr La Grange sê dat dit net 'n kwessie is van hoe om dit daar te kry. Wat van alternatiewe roetes soos Kazungula?

Die Voorsitter meen dat hierdie sake later weer bespreek sal moet word.

(d) WAPENS EN AMMUNISIE (VIR BOTSWANA)

Mnr La Grange verwys na die ammunisie wat aan Safmarine in Hamburg aangebied was en genl Malan se verklaring dat hy feitlik enige krygstoerusting wat aangebied word, sal aanvaar (kyk notule WK 21/79:6), en sê dat daar niks van gekom het nie.

14. Die vergadering VERDAAG om 15h05.

15. Die VOLGENDE VERGADERING word op Woensdag, 6 Februarie 1980, om 08h30 in kamer 1639 Hendrik Verwoerd-gebou, Kaapstad, gehou.

GOEDGEKEUR

SEKRETARIS
18 Januarie 1980

VOORSITTER
6 Februarie 1980